

11

Die erediens

ONS DOELWIT

Die jongmense moet ervaar dat hulle God en hul medegelowiges in die erediens ontmoet.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet weet –

- dat 'n erediens ingerig word soos 'n gesprek tussen God en die gemeente;
- wat die doel en betekenis van die verskillende liturgiese elemente is;
- wat die doel en plek van musiek en begeleiding in die erediens is;
- dat daar verskillende tipes eredienste bestaan; en
- dat die erediens 'n vieringsgeleentheid is wat aanhou van Sondag tot Sondag.

Gesindheid

Die jongmense moet –

- bereid wees om gereeld aan eredienste deel te neem; en
- dankbaar wees dat hulle aan eredienste mag deelneem.

Vaardigheid

Die jongmense moet begelei word om –

- waar nodig, deel te neem aan die aanbieding van 'n jeug-erediens;
- eredienste van ander denominasies en kerke te gaan bywoon; en
- diens te verrig tydens een of meer van die gemeente se eredienste.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

Wat is 'n erediens?

Die lewende God is met ons besig deur ons hele lewe. Ons beleef hierdie besigwees op verskillende maniere. Een daarvan is dat God ons op 'n baie besondere manier ontmoet wanneer ons saam met medegelowiges in eredienste saamkom. Oor die loop van jare het dit in ons Reformatoriese tradisie daartoe gelei dat die erediens ingerig word op maniere wat hierdie ontmoetingsgeleentheid die beste dien.

In 'n erediens is daar verskillende elemente of dele of *gebeurtenisse*. Hierdie elemente het elkeen 'n besondere funksie. Dit moet die ontmoeting, die gesprek, die kommunikasie tussen God en sy kinders bevorder. Breedweg kan ons onderskei tussen *woord-elemente* – God praat met ons – en *antwoord-elemente* – ons praat met God. God ontmoet ons of gesels met ons deur die *woord-elemente*. Ons ontmoet God of gesels met Hom deur die *antwoord-elemente*. God en ons kommunikeer met mekaar, of gewoonweg gesê: *Ons en God “kuier” by mekaar*.

Op verskillende maniere wil God ons verseker van sy liefde en van die verlossing deur Jesus Christus. Hy wil geloof in ons wek, dit opbou en versterk, en ons toerus vir ons dienswerk in die wêreld. Ons antwoord God deur Hom te loof, ons sonde te bely, Hom te aanbid en te eer, en Hom te dank vir die liefde wat Hy in Christus aan ons bewys het. Ons wy ons lewens aan God toe as uitlewing van ons dankbaarheid.

Die volgende elemente in 'n erediens kan as **woord-elemente** aangedui word:

- **Votum:** Die dominee begin die erediens amptelik namens die Here met die votum. Dit is gewoonlik 'n direkte aanhaling van 'n vers uit die Bybel waarmee aangedui word dat God in die erediens teenwoordig is en dat Hy die gemeente wil ontmoet. Die erediens begin met die votum.
- **Seëngroet:** Aan die begin en aan die einde van 'n erediens groet God, by monde van die predikant, die gemeente met 'n seëngroet. Weer eens is dit gewoonlik 'n aanhaling uit die Bybel of 'n spreuk waarmee God se seën aan die gemeente toegesê word.
- **Wet van die Here:** Die wil van God of God se riglyne vir ons lewe kan in die vorm van die tien gebooië (Eksodus 20), die samevatting van die wet (Matteus 22: 35-40), en verskeie ander teksgedeeltes wat gelees word of deur liedere wat gesing word, ter sprake gebring word. Die wil van God dien as 'n riglyn vir dankbaarheid, eerder as wettiese voorskrifte wat nagekom moet word.
- **Genadeverkondiging:** Die goeie nuus van die Bybel is dat God ons sondes in Christus vergewe het. As ons gehoor het hoe God wil hê dat ons moet lewe en ons skuld bely het omdat ons telkens tekortskiet, word ons met 'n toepaslike gedeelte uit die Bybel verseker van God se genade.
- **Skriflesing:** Om uit die Bybel te lees, is een van die kernelemente van 'n erediens. Dit word meestal selfstandig gedoen en afgesluit met 'n aankondiging soos: *Bevoorreg is hulle wat die woord van die Here hoor en daaruit leef* (Lukas 11 : 28). Die Skriflesing kan ook verweef word in die preek. Met die keuse van 'n Skrifgedeelte en gepaardgaande preek word die kerklike jaar in gedagte gehou.
- **Preek:** Die preek word gelewer deur die predikant wat amptelike magtiging het om Woordverkondiging te doen. Die preek sluit aan by die ander elemente van die erediens. Die tema van die preek word bepaal deur die predikant, wat rekening hou met die kerklike jaar.
- **Seën:** *Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly met julle almal* (2 Korintiërs 13: 13). Ons luister as God ons seën, en gaan gelukkig en tevrede huis toe.

In 'n ereidiens funksioneer die volgende elemente as **antwoord-elemente**:

- **Sang:** Ons antwoord op God se woorde en daade met liedere, maar ons doen ook veel meer daarmee. Met 'n lied kan ons ook vir mekaar sê wat God vir ons sê. Ons praat met God, maar ons sê ook vir mekaar wat God sê. Ons hoor wat God vir ons sê, en ons praat met mekaar, vermaan mekaar, bemoedig mekaar en versterk mekaar. Die lied in die ereidiens het altyd 'n besondere funksie, soos om God te loof, ons skuld te bely, ons lewens aan God toe te wy of om iets te verwoord van wat ons verstaan van gebeure soos die geboorte van ons Verlosser, sy lyding, sterwe en opstanding, om maar net 'n paar sake te noem. Ons sing nie in die ereidiens net omdat sing lekker is of om 'n bepaalde atmosfeer in die ereidiens te skep nie. Met ons sang sê ons iets vir God en vir mekaar. Ons sê byvoorbeeld ons is bly of dankbaar of jammer of hartseer.
- **Skuldbelydenis:** Wanneer ons God se riglyne vir ons lewe in die wet van die Here hoor, hoe ons uit dankbaarheid voor God moet lewe, en agterkom hoe ver ons tekortskiet, besef ons dat ons skuldig voor God staan. Dan bely ons ons skuld, meestal met die sing van 'n toepaslike lied of met 'n teks uit die Bybel.
- **Geloofsbelydenis:** Die gemeente antwoord op die genade van God deur hul geloof in Hom te bely. Meestal lees die voorleser 'n geloofsbelydenis voor, en die gemeente bely dit saam in hul harte. Die geloofsbelydenis kan ook hardop saamgesê word. Die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Niceense Geloofsbelydenis word hiervoor gebruik. Die geloofsbelydenis is in wese 'n kort opsomming van wat ons glo. Die gemeente kan ook hul geloof bely deur 'n toepaslike lied te sing.
- **Gebed:** Die gemeente antwoord op God se Woord as die predikant hulle in gebed voorgaan. Gebede kan die elemente van lofprysing, danksegging, voorbidding, skuldbelydenis, geloofsbelydenis, smeking of toewyding aan God bevat.
- **Dankoffers:** In ons Kerk is dit die gebruik dat dankoffers ná die ereidiens by die deure opgeneem word wanneer die gemeente die kerkgebou verlaat. Ons gee die dankoffers uit dankbaarheid vir God se weldade. Die ereidiens is 'n geleentheid waar ons op 'n baie besondere manier God se weldade ervaar en daarvan hoor. Wanneer ons dankoffers by die ereidiens gee, is dit die eerste teken van ons dankbaarheid teenoor God voordat ons die wêreld ingaan.

Die kerk gedenk en laat hom gewoonlik in sy prediking lei deur die groot gebeurtenisse van God se handeling met mense. Die verlossingswerk van Christus en ander groot gebeurtenisse in die lewe van die kerk word in die **kerklike jaar** gedenk.

Die kerklike jaar	Wat word gedenk?	Wanneer is die feesdae?
Vier weke Advent	Christus se koms na die wêreld	Die vier weke voor Kersfees
Kersfees	Christus se geboorte	25 Desember
Sewe Lydensweke	Christus se lyding voor sy kruisiging	Die sewe weke voor Goeie Vrydag

Goeie Vrydag	Christus se kruisiging	Dit word met behulp van die stand van die maan bereken (dit is altyd op 'n Vrydag)
Paasfees	Christus se opstanding uit die dood	Die Sondag na Goeie Vrydag
Hemelvaart	Christus se hemelvaart	Tien dae na Paassondag (dit is altyd op 'n Donderdag)
Pinksterfees	Die uitstorting van die Heilige Gees	40 dae na die hemelvaart
Drie-eenheidsondag	Die betekenis van die belydenis dat God Drie-enig is	Gewoonlik die Sondag na Pinkster
Wederkoms	Die wederkoms van Jesus Christus	Op 'n Sondag wat deur die kerk self bepaal word

Daar is ook nog ander feesdae wat die kerk gedenk.

Kerklike feesdag	Wat word gedenk?	Wanneer is die feesdag?
Bartolomeusnag	Die geloof van die martelare	Die Sondag naaste aan 24 Augustus
Hervormingsondag	Die begin van die Hervorming deur Martin Luther	Die laaste Sondag van Oktober
Geloftedag	God se redding van die Voortrekkers by Bloedrivier	16 Desember

Die kerk hou ook gewoonlik dank- en biddae vir die oes in Oktober en April.

Met die inrigting van die erediens word rekening gehou met die kerklike jaar. Die fokus van 'n spesifieke tyd word gereflekteer in die aard van 'n spesifieke erediens. Die Liedboek dui baie duidelik aan watter liedere gedurende 'n sekere tyd gesing kan word. Die prediking hou rekening met die spesifieke gebeurtenis wat herdenk of gevier word.

Nagmaal en doop

Die doop en Nagmaal is die twee sakramente van die Kerk. Met die doop word kinders van die Here altyd opnuut verseker dat God hul Vader is, dat Jesus hul Verlosser is, en dat die Heilige Gees in hulle woon en werk. Die doop is 'n teken van opname in die verbondsgemeenskap met God. Gelowiges word verseker dat God Hom aan hulle verbind het en dat Hy hul God wil wees. Met water as teken of simbool by die doop, word bevestig dat ons sonde afgewas is en dat ons 'n nuwe lewe ontvang het.

Die Nagmaal is die sigbare bevestiging dat Jesus se liggaam gebreek is en sy bloed gevloei het om ons sondes vir eens en vir altyd weg te neem. Die tekens by die Nagmaal wat dit bevestig, is die gebreekte brood wat ons eet, en die uitgegoide wyn wat ons drink.

Eredienste waartydens doop en Nagmaal bedien word, lyk anders as gewone eredienste en word so ingerig dat die betekenis van die doop en Nagmaal behoorlik na vore sal kom.

Hoe word 'n erediens saamgestel?

Die predikant stel die verloop van 'n erediens, ook genoem die *liturgie*, vas – dikwels met die hulp van die orrelis of 'n eredienswerkgroep. In die verlede was daar enkele voorgeskrewe, vasgestelde *diensordes*, wat die verloop van eredienste bepaal het. Daar was 'n keuse tussen 'n paar verskillende ordes, en die predikant het gekies watter liedere om in die verloop van die erediens te gebruik. Vandag word vaste ordes nie meer so eng voorgeskryf nie en het die predikant baie meer ruimte om die verloop van die erediens te bepaal sodat dit die meeste reg laat geskied aan die ontmoetingsgebeurtenis wat vir daardie erediens beplan word. Die riglyn is dat die verskillende elemente soos hierbo genoem, in die erediens tot hul reg kom, maar die struktuur waarbinne dit moet plaasvind, word nie voorgeskryf nie.

Die erediens van die lewe

Omdat ons glo dat God self ons op 'n besondere manier in die erediens kom ontmoet en met ons kommunikeer, kan hierdie ontmoeting ons nie onaangeraak van die erediens af laat weggaan nie. Ons moet daarom voluit deelneem aan die erediens deur aandagtig te luister as God in die *woord-elemente* met ons praat, en met oorgawe deelneem aan die geleentheid om God te *antwoord* met ons sang, gebede en belydenisse. Wat in hierdie ontmoeting gebeur, is nie beperk net tot die kerkgebou waarbinne die erediens plaasvind nie, en die erediens hou nie op die oomblik wanneer ons die kerkgebou verlaat nie. Dan begin die *erediens van die lewe*, as ons dit wat ons in die erediens beleef het, gaan uitleef.

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

Ek het nodig

- Kry gedurende die week by die predikant die volledige liturgie van die erediens wat die ontmoeting voorafgaan (woorde van liedere ingesluit).
- Maak 'n afskrif vir elke kind in die groep.
- Maak seker dat jy tydens daardie erediens notas maak van jou mening of die erediens sinvol en geslaagd God en sy kinders met mekaar laat kommunikeer, laat “gesels” of by mekaar laat “kuier” het deur daarop te let of –
 - die *woord-elemente* en *antwoord-elemente* mekaar sinvol opvolg;
 - die liedere reg laat geskied aan die *geleentheid*; en
 - gebede die Here dank, voorbidding doen waar nodig, nederig vra om in behoeftes te voorsien, ensovoorts.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 153 as gebed.

*O Jesus, kom tog nader
en gee aan ons u seën.
Ons is hier saam vergader
en almal in U één.*

Verlig ons deur u lering,
ons vind dit in u Woord.
Ons volg U deur bekering –
ons wat aan U behoort.

U is ons vriend en koning,
in eerbied buig ons neer.
En kom ons in u woning
sal ons U ewig eer. Amen.

IN DIE GROEPBYEENKOMS

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Kontroleer of hulle by www.nhka.org na meer inligting oor hierdie tema gaan soek het.
- Laat een van hulle die definisie vir sakramente lees wat hy of sy neergeskryf het. Uit die *woordeboek en die **Heidelbergse Kategismus kan die volgende onderskeidelik gegee word: (*Heilige, sigbare teken en seël deur God ingestel ten einde aan die mens sy belofte van vergewing van sondes te waarborg en hom dit beter te laat verstaan, en sy geloof te voed en te onderhou; genademiddel. Daar is twee sakramente: die doop en die Nagmaal. **Dit is sigbare, heilige tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God ons vanweë die enige offer van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk.)
- Laat 'n paar van hulle lees wat hulle in hul eie woorde gaan neerskryf het oor wat 'n sakrament is. (Baie antwoorde is moontlik. Die volgende vat die meeste feite saam: Jesus gebruik drie algemene **sigbare** en **tasbare gebruiksartikels** en **sonder dit af** met 'n dieper betekenis. **Water** waarmee ons ons skoon **was**, simboliseer dat ons **sonde afgewas** is. **Brood** wat ons eet om ons te **voed**, word gebreek en simboliseer dat **Jesus se liggaam gebreek** is om ons **te voed vir die ewige lewe**. **Wyn** waarmee ons ons **dors les**, simboliseer **Jesus se bloed** wat gevloei het om ons bloed, ons **lewe te red** van die dood, en ons **te voed vir die ewige lewe**).
- Kontroleer of hulle die twee formuliere met hul ouers gaan bespreek het.
- Laat 'n paar van hulle lees wat hulle geskryf het oor –
 - watter waarde dit vir hulle as gesin het om saam Nagmaal by te woon en te gebruik; en
 - wat dit vir elkeen van hulle beteken om gedoop te wees.
- Kontroleer of hulle die volgende vrae kan beantwoord:
 - Wie het die doop ingestel? (Die doop is deur Jesus ingestel.)
 - In wie se Naam word mense gedoop? (Die kerk kry opdrag om mense te doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.)
 - Wat is die simboliek van water by die doop? (By die doop gebruik ons water as teken dat ons deur Jesus van ons sonde gereinig is.)
 - Wat bevestig die doop aan ons? (Die doop bevestig aan ons dat ons deel het aan God se genade en verlossing in Christus.)
 - Wie het die Nagmaal ingestel? (Die Nagmaal is deur Jesus ingestel.)
 - Waarvoor het Jesus wyn en brood gebruik toe Hy die Nagmaal ingestel het? (Jesus het brood en wyn as tekens gebruik om te sê dat ons deur sy liggaam en bloed verlos is.)
 - Waarvan verseker die tekens van wyn en brood ons sigbaar en tasbaar? (Dit verseker ons dat ons deur Jesus se sterwe en opstanding gered is.)

- Wat gebeur met jou as jy Nagmaal gebruik? (*Deur Nagmaal te gebruik, word ons geloof versterk dat Jesus in ons plek sy lewe gegee het as offer vir ons sonde.*)

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

BEGIN SO

Lees EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo vooraf deeglik deur en gebruik die volgende om die jongmense met die inhoud vertrou te maak.

Lees die volgende insident aan hulle voor:

Marnus en Marna het mekaar se profiele op Facebook raakgelees. Omdat hul name baie dieselfde is, het hulle besluit om mekaar te volg op Facebook. Elke dag het hulle mekaar se profiele gelees en so agtergekom dat hulle mekaar se belangstellings deel. So het dit gebeur dat hulle meer en meer mekaar se 👍-knoppie by mekaar se *posts* gedruk het. Hulle het naderhand soveel *likes* gedeel dat Marnus beseft het dat hy baie van Marna hou, en sy het dieselfde oor hom gevoel. Marnus het toe in 'n *privaatboodskap* vir Marna gevra of hy maar op Facebook kan aandui dat hul *status* is dat hulle in 'n *verhouding* met mekaar is. Sy het *ja* gesê, al het hulle nog nooit mekaar van aangesig tot aangesig ontmoet nie en nog nooit direk met mekaar gepraat nie.

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

- Hoor by hulle of hulle dink dat Marnus en Marna se *verhouding* 'n kans het om 'n suksesvolle langtermynverhouding te bly as hulle net op Facebook bly gesels.
 - Verskillende antwoorde is moontlik. Party kan selfs onnadenkend sê dat dit gaan uitwerk.
 - Lei hulle na die punt waar hulle verstaan dat 'n *verhouding*, in hierdie geval 'n *liedesverhouding*, net kan groei en sterker kan word as die partye in die verhouding mekaar gereeld van aangesig tot aangesig ontmoet en gereeld in mekaar se teenwoordigheid met mekaar gesels, met ander woorde, by mekaar kuier.
 - Om ons verhouding met God te laat groei en sinvol te maak, geld dieselfde. Aktiewe deelname aan eredienste waar God met ons gesels en ons met Hom, vereis dat ons in die erediens met aandag na Hom sal luister en met aandag in ons sang en gebed en belydenisse met Hom sal praat. In 'n erediens “kuier” ons en God ook by mekaar.
 - So gaan ons liefdesverhouding met God sterk word en betekenis vir ons lewe hê.
- Verduidelik aan die hand van die volgende skema, wat ook in hul boeke is, hoe 'n erediens ingerig kan word sodat daar 'n ontmoeting kan plaasvind waarin God met ons praat (woord) en ons met Hom praat (antwoord).
- Lê besonder klem op **woord** (dit is wanneer God *praat*) en **antwoord** (dit is wanneer ons antwoord).

'n Moontlikheid van hoe 'n erediens ingerig kan word

'n Erediens kan met 'n toetrelied begin word, maar dan is dit om die behoefte te kenne te gee van God se kinders wat Hom wil ontmoet omdat hulle geen ander heenkome kon vind nie. Die ontmoetingsgebeurtenis, die kommunikasiegeleentheid van **God praat** en **ons antwoord**, volg daarna.

Die begin van 'n kosbare ontmoeting	Toetredelied Gesang 159: <i>God is hier teenwoordig</i>	In ons deurmekaar wêreld is daar geen ander heenkome as na God toe nie, daarom soek ons sy teenwoordigheid op
-------------------------------------	--	---

Woord	Antwoord	Opmerking
Votum <i>Gemeente, God sê: Ek is julle rots, julle skuilplek en julle redder (Psalm 18: 3)</i>		Ons luister as God ons groet
Seëngroet <i>Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus (Romeine 1: 7)</i>		Ons luister dankbaar as God ons seën
	Sang Psalm 146: <i>Prys die Here, loof en prys Hom</i>	Ons prys God vir sy goedheid, veral omdat ons Hom kan ontmoet in die erediens
**Wet van die Here God se wil of sy liefdesreëls word in die tien gebooie (Eksodus 20) of die samevatting van die wet gegee (Matteus 22: 35-40)		Ons luister aandagtig na hoe God wil hê ons moet lewe en kom met 'n skok agter hoe ver ons tekortskiet
	Skuldbelydenis Gesang 235: <i>Voor u wet, Heer, staan ons skuldig</i>	Omdat ons so ver tekortskiet, bely ons ons sondeskuld voor God
Genadeverkondiging <i>Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van God (Efesiërs 2: 8)</i>		Ons hoor met blydskap en dankbaarheid dat God ons skuldbelydenis hoor en ons uit genade vergewe as ons glo
	**Belydenis van geloof Apostoliese Geloofsbelydenis of Geloofsbelydenis van Nicea	Ons aanvaar God se genade as Hy ons vergewe, en bely dat ons in Hom glo

	Sang Toewyding aan God met Gesang 284: <i>Laat, Heer, u vrede deur my vloei</i>	Ons bevestig met 'n lied dat ons ons geloof gaan uitleef in toewyding aan Hom
Skriflesing		God praat uit sy Woord en ons luister
	Gebed	Ons antwoord met 'n dankgebed en vra ook vir God se hulp saam met die persoon wat voorgaan in gebed
	Sang Vorbereiding op prediking met Gesang 257: <i>O Heer, maak oop my hart se poort</i>	Ons vra dat die Gees ons harte sal oopmaak vir die verkondiging van die Blye Boodskap
Prediking		Ons konsentreer op en luister na die verkondiging van die Woord
	Gebed	Ons bid saam met die persoon wat voorgaan in gebed
	Sang Antwoord op die prediking met Gesang 514: <i>Ek weet verseker, Jesus is Heer</i>	Ons bewoord dit wat ons in die prediking verstaan het
Seëngroet <i>Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly met julle almal</i> (2 Korintiërs 13: 13)		Ons luister as God ons seën en gaan gelukkig en tevrede huis toe

Die erediens van die lewe

Omdat God self ons op 'n besondere manier ontmoet het, kan ons nie onaangeraak weggaan nie. Dan begin die *erediens van die lewe* as ons die Here vra om saam met ons te gaan. Sodra ons die gewone lewe instap, doen ons reeds ons eerste daad van dankbaarheid met die gee van ons dankoffers.

	Sang Wegsending met VONKK-lied 38: <i>Here, ons God, as ons nou huis toe gaan, vra ons u seën, waar ons hier voor U staan</i>	Ons vra dat God ons so sal lei dat ons dit wat ons in die erediens beleef het, sal uitleef in die wêreld daarbuite
	Dankoffers	Ons bring 'n geldelike offer om dankie te sê vir God se genade

****Belangrik**

Die plasing van die **wet van die Here** in die eerste of die tweede deel van die erediens het 'n baie duidelike betekenis: Kom dit aan die orde in die eerste deel, dwing dit ons om die erns van ons sonde te besef. Kom dit in die tweede deel aan die orde, dien dit as reëls vir hoe ons ons dankbaarheid moet gaan uitleef. Ons noem dit die dubbele doel van die wet van die Here.

Wanneer die wet van die Here en die geloofsbelydenis aan die einde van die erediens aan die beurt kom, dan kom die **geloofsbelydenis** direk na die preek, voor die **wet van die Here**. Dan kan die volgende sinsnede gebruik word: *Noudat ons geloof deur die prediking versterk is, kom ons bely daardie geloof...* Ná die **geloofsbelydenis** volg die **wet van die Here** as reëls vir hoe ons uit dankbaarheid ons **geloof gaan uitleef**. Op dié manier gaan **die erediens van die lewe** dan 7/24 aan in ons lewe.

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

IETS BELANGRIK

- Verdeel in twee groepe.
- Laat die een groep die **woord-elemente** en die ander groep die **antwoord-elemente** van 'n erediens in die woordkaart omkring.
- Die groep wat eerste vyf van die elemente gekry het, is die wenner.
- Soek almal saam nog twee elemente.

Woord-elemente

- Votum
- Seëngroet
- Wet van die Here
- Genadeverkondiging
- Skriflesing
- Preek
- Seën

Antwoord-elemente

- Sang
- Skuldbelydenis

- Geloofsbelydenis
- Gebed
- Dankoffers

Q	W	G	E	B	E	D	L	R	T	Y	U	I	O	G	P
G	M	E	Q	W	E	R	T	Y	U	I	O	P	A	E	A
H	N	N	W	Q	E	R	T	Y	U	I	O	P	S	L	S
J	B	A	S	D	F	G	H	J	K	L	Z	A	D	O	D
K	V	D	Q	V	O	T	U	M	D	F	G	D	F	O	F
L	C	E	Z	X	C	V	B	N	W	Q	A	A	G	F	G
M	X	V	S	K	R	I	F	L	E	S	I	N	G	S	H
N	Z	E	K	Z	X	C	V	B	T	N	M	K	H	B	J
B	A	R	U	Q	W	E	R	T	V	Y	U	O	J	E	K
V	S	K	L	Q	Z	X	C	V	A	B	N	F	K	L	L
C	D	O	D	A	K	N	S	A	N	G	K	F	L	Y	Z
X	F	N	B	S	L	M	E	Z	D	X	C	E	Z	D	X
Z	G	D	E	D	Z	L	Ë	G	I	K	M	R	X	E	C
M	H	I	L	F	X	K	N	S	E	E	N	R	C	N	V
L	K	G	Y	G	C	J	G	Q	H	W	R	T	V	I	B
K	J	I	D	H	V	P	R	E	E	K	Q	Z	B	S	N
J	L	N	E	J	B	Q	O	W	R	E	R	L	N	W	M
H	G	G	N	Q	W	E	E	G	E	H	J	K	Y	R	Q
G	N	T	I	Y	U	I	T	O	K	G	Y	K	L	Y	W
F	D	S	S	A	P	O	I	U	Y	T	R	E	W	Q	E

'n Erediens was alleen sinvol en geslaagd
as die elemente daarvan God en sy kinders
met mekaar laat kommunikeer, laat “gesels”
of by mekaar laat “kuier” het

IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

- Deel die afskrif van die volledige liturgie van die erediens wat die byeenkoms voorafgegaan het, aan elkeen uit.
- Gebruik die liturgie van die erediens wat julle pas bygewoon het en probeer om die verskillende elemente te identifiseer.
- Voer gesprek oor die effektiwiteit van die verskillende elemente as woord-elemente of antwoord-elemente.
- Hou 'n informele debat oor of die erediens sinvol en geslaagd God en sy kinders met mekaar laat kommunikeer, laat “gesels” of by mekaar laat “kuier” het deur te bespreek –
 - of die woord-elemente en antwoord-elemente mekaar sinvol opgevolg het;
 - of die liedere reg laat geskied het aan die *geleentheid*; en
 - of die Here in die gebede geprys en gedank is, voorbidding gedoen is waar nodig, nederig gevra is dat in behoeftes voorsien word, ensovoorts.
- Laat 'n paar van hulle vertel hoe die erediens dinge wat vir hulle belangrik is, behandel en bevredig het.

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle by www.nhka.org gaan soek na ander interessante inligting.
- Laat hulle die volgende vraag elke week tuis met hul gesin gaan bespreek en hul kommentaar in hul boeke invul.
- Neem aan die begin van elke byeenkoms 'n paar boeke in en lees wat daar staan sonder om bekend te maak uit wie se boek jy lees.
- Deel hierdie antwoorde met die predikant.

In vandag se erediens het die volgende my lewe aangeraak:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Datum:

HULLE KRY HULSELF PARAAT

Laat hulle die volgende gaan leer en dit hul eie maak:

- Ek mag nie dat die erediens vir my 'n dooie, betekenislose ritueel word nie, maar 'n lewende ontmoeting waar –
 - ek en die Here met mekaar kommunikeer, “gesels” of by mekaar “kuier”; en
 - ek en my medegelowiges ontmoet en in mekaar se lief en leed deel.
- Indien dit nie gebeur nie, moet ek die oorsaak daarvan bepaal en daaraan werk.

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbidding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbidding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.